

Bid met vrymoedigheid

Bid is nie altyd so maklik nie. Hoe jonger kindertjies is, hoe makliker vind hulle dit nog. Kleutertjies maak eenvoudig die oë toe en begin praat: “Jesus, dankie vir Mamma en Pappa, en vir die kos ...” en so kan hulle net aangaan om in alle onskuld met die Here te gesels.

Juis in hierdie woordjie *onskuld* lê die probleem vir baie van ons. Want kyk, as ek vasgevang word in die sonde, is dit moeiliker om tot God te bid. Baie dink: Ek is te swak, of: Ek is so ver van die Here af, Hy sal nie luister nie.

Dit is juis die groot genade wat ons as kinders van God in Jesus Christus kry – kinderlike toegang tot God in die gebed. Net soos die kindjie wat op sy knietjies gesels met God, kan elkeen van ons die Almagtige God nader as ons Pa. Dít is vrymoedigheid! Jy kan sonder om te huiwer, sonder om bang te wees, sonder om skuldig te voel, tot God bid.

In Jesus Christus mag jy, ook jy wat te swak en sondig voel.

Wie so bid, kan weet dat God ons Vader luister en volgens sy wil sal gee wat ons bid.

Sing: Psalm 139:12

Ds Leon Kruger (Vanderbijlpark-Oos)